MGK Groep Elektroniese Nuusbrief

Augustus 2010

Hoogtepunte

In lyn met jou IT behoeftes

Minder koring en sonneblom

Obaro Naboomspruit skuif na nuwe perseel

SENWES en MGK snoer kragte saam vir toekomstige groei. Kliek hier om die media-verklaring te lees

Nuttige skakel

www.dwaf.gov.za
www.namc.co.za
www.infogro.com

Ben sê:

"Die "K" in *Escom* maak die verskil"

Escom se tarief verhogings gaan verdere druk op Besproeiingsplase sit. In 'n studie van die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NAMC) is bevind dat die tipiese Noord-Kaapse Besproeiingsplaas se kanse om in 2012 'n verlies te maak 51% sal wees teenoor 36% indien *Escom* nie die uitsonderlike verhoging van tariewe sou gemaak het nie. Jou Escomrekening gaan 18% van koring en mielie insetkoste uitmaak in 2012, in 2008 was dit 7%.

Skrikwekkend wat 'n "C" kan doen! Die dae toe ons nog *Escom* met 'n "K" gespel het, "Eskom", was die Kaap ook nog Hollands, maar soos in die geval van toe die Kaap "*Cape*" geword het, het die probleme begin. Geen wonder hul kon nie die Super14 wen nie. Laat ek ook maar nou al voorspel, hul sal ook nie die Kerrie Kap wen nie.

Georganiseerde Landbou is heelwaarskynlik besig met hul taak om politieke genade te soek, sterkte vir hulle! Die vraag is, wat doen ons as boere self om tegnologiese oplossings te soek om die *Escom* aanslag te versag? Besproeiingsboere pomp nie net water nie, hul bedryf ook koelkamers, sorteer eenhede, pakhuise, hoenderboerderye, ens, alles wat krag op grootskaal gebruik. MGK Beherend, 'n maatskappy wat deur boere beheer word en wat 'n groot aandeelhouer in MGK Groep is, klink my, is lus om leiding in die verband te neem. Hou die spasie dop, MGK het nog sy "K"!

Wees altyd verseker by Statusfin

Me. Linda de Klerk, van Statusfin ontvang haar toekenning van mnr. Pieter Delport van Santam Agri.

Santam Landbou gee jaarliks erkenning aan die uitblinkers in die versekeringsbedryf. Die toekennings gee nie net krediet vir harde werk gelewer deur die jaar nie, maar bevestig ook hierdie presteerders in die landbouomgewing se volgehoue strewe om die boer se risiko te verminder.

Statusfin Makelaars het verskeie toekennings ontvang tydens Santam Landbou se toekenningsfunksie op 22 Julie 2010. Statusfin is as die 2de grootste oesversekeringsmakelaar in die Santam stal aangewys en is ook benoem as die versekeraar met die beste premie-groei in randwaarde vir die seisoen. Statusfin is terselfdertyd ook aangewys as nasionale oesmakelaar van die jaar vir 2009/2010. In die oesversekeringsadviseursafdeling het Linda de Klerk, ou bekende in die Loskopdam area, as wenner uit die stryd getree waar sy die grootste premie omset in die land behaal het. "Statusfin is en was nog altyd in lyn met die boer se behoeftes. Om ons boere 'n sagte landing te gee nadat hulle skade gely het, is ons hoofdoel", sê mnr. Janus Hurter, direkteur van die maatskappy.

Vir enige navrae kontak Statusfin Makelaars by 012 381 2926.

In lyn met die boer

© MGK Bedryfsmaatskappy Edms. Bpk. 2010

Damstand
Julie 2010 (%)

Dam	Julie	
Allemanskraal	76	↓
Bloemhof	97.8	↑
Blyderivierpoort	100.3	-
Bon Accord	102.7	↓
Bronkhorstspruit	100.8	↓
Buffelspoort	100.5	↓
Dap Naudé	100.3	↓
Elandskuil	100.5	↓
Erfenis	82.6	↓
Flag Boshielo	101.7	↓
Hartbeespoort	99.4	↑
Klein Maricopoort	51	↑
Klipvoor	100.9	↓
Koppies	94.9	↓
Lindleyspoort	100	-
Loskop	100.5	↓
Middelburg	96.4	↓
Mokolo	100.9	↓
Ohrigstad	67.8	↓
Olifantsnek	99.6	↑
Rietspruit	100.3	↓
Rietvlei	100	↓
Roodekopjes	102.1	↑
Roodeplaat	100.3	-
Rust De Winter	100.9	↓
Swartruggens	101.6	↓
Vaal	93.9	↓
Vaalharts	90.1	↑
Vaalkop	101.6	↑
Warmbad	107.1	↑
Witbank	101.3	-

In lyn met jou IT behoeftes



Infogro fokus om die nuutste tegnologie vir die die kliënt tuis te bring. Met twee handelswinkels in Brits bied hulle rekenaars, drukkers, ink, rekenaar-programme en rekenaarspeletjies. Internet en e-pos fasiliteite is by beide takke beskikbaar aan kliënte wat hiervan gebruik wil maak.

Infogro het ook 'n toegewyde tegniese dienste afdeling waar ondersteuning verleen word aan kliënte wat probleme met rekenaars en drukkers ondervind. Verskeie internet opsies (onder meer wireless, 3G & ADSL) word ook verskaf asook die onderhoud van webtuistes en besigheidstelsels.

Infogro spog ook nou met 'n nuwe webtuiste, gaan besoek dit gerus by www.infogro.co.za. Op die webtuiste kan meer gelees word oor die dienste wat Infogro bied asook die SMS stelsel wat beskikbaar is per internet.

Minder koring en báie minder sonneblom

Vanjaar se koringaanplanting toon 'n beduidende afname van 11.3% vir dié graan vergeleke met die finale area aangeplant in 2009. Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee se eerste produksieskatting vir koring vir hiérdie seisoen, wat op 23 Julie 2010 vrygestel is, staan die totale area aangeplant in Suid-Afrika op 570 000 ha. Die vorige seisoen was die totale aangeplante area vir koring, 642 500 ha.

Volgens produsente kan die afname in die verwagte aanplanting van koring hoofsaaklik aan ongunstige pryse vir dié gewas toegeskryf word, aldus die Oesskattingskomitee.

In teenstelling met die syfers van koring, word meer sojabone dié jaar verwag as die finale sojaboonoes van 2008/2009. Die Oesskattingskomitee se sesde skatting vir die sojaboonoes van die 2009/2010 seisoen staan op 567 200 ton wat 51 200 ton meer as die vorige jaar is.



Daar word ook heelwat minder sonneblomsaad vanjaar verwag. Die finale sonneblomoes van 2008/2009 was 801 000 ton terwyl die Oesskattingskomitee se sesde skatting van sonneblomsaad vir die 2009/2010 seisoen op 528 765 ton staan, wat 'n daling van bykans 34% is.

Die grafiek toon die vergelyking tussen die totale wit- en geelmielieoes in Suid-Afrika vir 2009 en die finale skatting vir die 2010 seisoen. Vir die volledige verslag van die Oesskattingskomitee en ander markverwante inligting kontak Matthys Senekal by 012 252 3778 of stuur 'n e-pos na matthyss@prodsure.co.za.

Bron: www.daff.gov.za

Regstelling Nuusbrief Julie 2010

In die vorige uitgawe het 'n fout ingeglip met 'n foto onderskrif van die karkaskompetisie by Rustenburgskou.

Die takbestuurder by Obaro Rustenburg is Tommie de Lange en nie Tommie de Jager nie. - Red."

Someroes Inligtingsdae 2010

4 Augustus
Marble Hall/Groblersdal
Kontak Obaro Groblersdal
013 262 2036

11 Augustus
Skuinsdrift
Kontak Obaro Skuinsdrift
014 504 0050

12 Augustus
Potgietersrus
Kontak Obaro Potgietersrus
053 474 0100

18 Augustus 2010
Thabazimbi
Kontak Obaro Thabazimbi
014 777 1557

24 Augustus
Dwaalboom
Kontak Obaro Dwaalboom
014 778 0611

25 Augustus
Koedoeskop
Kontak Obaro Koedoeskop
012 381 2930

1 September
Hartswater
Kontak Obaro Hartswater
053 474 0100

2 September
Bull Hill
Kontak Obaro Hartswater
053 474 0100

7 September
Ohrigstad
Kontak Obaro Lydenburg
013 235 4911

22 September
Magaliesburg
Kontak Obaro Magaliesburg
014 577 1340

12 Oktober
Wonderboom
Kontak Obaro Wonderboom
012 381 2935

Elektrisiteit vat al groter hap uit die koek

Sonder elektrisiteit is die spilpunt, melkery en ligte by die hoenderhokke net wit olifante. Geld het nog nooit op wit olifante se rûe gegroei nie, so die enigste hulpbron wat van die wit olifante, werkesels kan maak, is elektrisiteit. Juis die een komponent wat byna kwartaalliks 'n groter gat in jou beursie brand.

Die Nasionale Landboubemarkingsraad het in samewerking met die Buro vir Voedsel en Landboubeleid (BFAP) die invloed van elektrisiteitskoste op besproeiingsboerderye ondersoek. Die ondersoek is gegrond op 'n tipiese boerdery in die Noord-Kaap wat 200 ha grond beslaan en van spilpuntbesproeiing gebruik maak. Die boerdery verkry water uit die Vaalrivier besproeiingskema en plant geelmielies gedurende Mei en Junie en weer koring in November of Desember aan. Die ondersoek is ook gegrond op sekere aannames van makro-ekonomiese faktore.

Die ondersoek het uitgewys dat die omset van dié boerdery geweldig sensitief is vir die onvoorspelbaarheid van die koste van toedieningsmiddels, elektrisiteit, bemarking en saad. Elektrisiteit is die tweede grootste uitgawe vir mielies en die vierde grootste kostekomponent van koring.

Alhoewel elektrisiteit nog nooit meer as 8% uitgemaak het van die boerdery se veranderlike koste nie, word daar verwag dat krag 20% van die veranderlike koste vir mielies sal opmaak in 2014/2015. Elektrisiteit sal reeds in 2012 meer as 18% van die veranderlike koste vir koring uitmaak.

Vir die volledige verslag aangaande die invloed van elektrisiteitskoste op besproeiingsboerdery besoek www.dwaf.gov.za.

Crop rotation solves the problem

The farmers of Rethuseng in the Taung area, Northern Cape Province, have approximately 1100 hectares cumulatively on which they've been planting lucerne for the past few years. Each farmer has a piece of land ranging between 5 and 9 hectares which they irrigate manually. These farmers have been struggling to produce large enough lucerne crops to keep the farms in production and obtaining finance for their farms has been a major headache until now.

Temo Agri Services became involved with the farmers in Rethuseng and decided to assist them in planting more profitable and sustainable crops. After extensive research, including water and soil quality testing, Temo has advised the farmers that it would be in their best interest to implement a crop rotation system starting with wheat instead of lucerne.

Temo's mentors are now assisting the farmers with the process of planting wheat and teaching them various farming principles and methods as the project continues. The Rethuseng farmers are extremely excited at the prospect of turning their farm lands into sustainable businesses and learning to become self sufficient farmers under the watchful eye of the Temo mentors.

For more information on Temo Agri Services visit the website at www.temoagri.co.za.

Gespreksforum

Gesels saam:
Stuur enige standpunte, menings of voorstelle na:
rekjoubek@mgk.co.za

Relevante en nuttige advies of kommentaar sal deurgaans in die komende e-nuusbriewe verskyn.

Redaksie

Uitgegee en saamgestel deur die MGK Groep Kommunikasie-afdeling.

Vir meer besonderhede kontak:

Nic Bronkhorst
Bestuurder: MGK Groep Bemarkingskommunikasie

Tel: +27 (0) 12 381 2805
nicb@mgk.co.za
www.mgk.co.za

Die MGK Nuusbrief is 'n inligtingsblad wat maandeliks deur MGK Groep saamgestel en uitgegee word. MGK aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansprake wat in enige advertensies gemaak word nie en vereenselwig hom nie noodwendig met die menings en aanbevelings van derdes wat in artikels in die MGK Nuusbrief verskyn nie. MGK Groep sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat gely kan word na aanleiding van enige inligting wat in die MGK Nuusbrief gepubliseer word nie. Die redakteur behou die reg voor om, waar nodig, artikels te redigeer en stylaanpassings te maak.

Nuwe adres vir Naboomspruit

Obaro Naboomspruit het met ingang van 1 Julie 2010 verskuif na 'n nuwe perseel in Thabo Mbeki straat 25. Die perseel, wat deur Obaro aangekoop is, het voorheen 'n Shell vulstasie gehuisves.

Die vulstasie wat voortaan onder die Obaro vaandel sal handel dryf, het kapasiteit vir 69 000 liter diesel en verskaf ook beide soorte petrol. Die rybaan kan sestien voertuie gelyktydig diens. Na afloop van opgradering van die perseel, sal 'n volledige Obaro winkel ook hier begin handel dryf. Dié winkel sal onder meer volledige reekse tuinbou-benodigdhede, veevoere, hardeware, veemedisyne, besproeiingsmateriaal en kunsmis verkoop.

Die beplanning is om die opgradering te voltooi teen 1 September 2010 waarna die winkel sal oopmaak. Kliënte kan steeds die Obaro winkel in Eerstestraat, Naboomspruit besoek. Die winkel sal soos gewoonlik besigheid doen tot verdere kennisgewing. Obaro Naboomspruit doen ook grootmaat diesel aflewerings teen billike tariewe.

Vir meer inligting skakel Obaro Naboomspruit by 014 743 3403 of Douw Rossouw by 082 451 7813.

Lente is tyd vir tuinmaak

Die tyd raak min vir tuiniers om hulle tuine in te skryf vir die Obaro Lentetuinkompetisie van 2010. Inskrywings sluit 30 September 2010. Dié kompetisie word vanjaar vir die vyfde keer aangebied in die Brits, Hartbeespoort en Pretoria omgewing.

Die organiseerders het vanjaar die speelveld vir deelnemers vergroot deur vyf addisionele kategorieë by te voeg. Die kategorieë waarvoor tuiniers kan inskryf is: Groot tuine 3 000m² (en grootter), Medium tuine 500m² (en grootter), Klein tuine 200m² (en kleiner), Beste grasperk, Beste inheemse tuin, Beste eerste inskrywing (deelnemer wat vir die eerste keer inskryf), Individuele-/gemeenskaplike "township" tuine en Beste spesialistuin.

Die Obaro Lentetuinkompetisie word moontlik gemaak deur verskeie borge, almal leiers in die gebied van tuinbou-benodigdhede. Die jaar se borge is: All-gro Brands, Incledon, Jo-Jo Tanks, Partmaster, Loskop Plastiek Pype, Sheq Safety, DWT Pompe, Jonsson Workwear, Tsunami Crop Care, Agrinet, Knittex, Turf-ag Products, Gundle Api, Reinforced Hosing, Cool Ideas, Midmacor, Hadeco en ABE. Dié borge skenk groot pryse vir die onderskeie kategorieë van die kompetisie met 'n totale waarde van ongeveer R 30 000-00 en speel 'n sleutelrol in die groei en sukses van die kompetisie.

Inskrywingsvorms vir die Obaro Lentetuinkompetisie is by die deelnemende Obaro winkels beskikbaar nl. Obaro Brits 012 252 3393, Obaro Pretoria 012 323 6472 en Obaro Wonderboom 012 381 2935. Vir meer inligting skakel Sanet de Klerk by 012 381 2973 of besoek www.obaro.co.za.